**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 21 JANUARIE 2025 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | |
| Rdh. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdd. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. AC Isaacs | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. M Mseleni | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. M van der Merwe | : | Intern: Kantoor van die Munisipale Bestuurder |
| Mev. RC Gerber | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN001/01/2025**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal teenwoordig by die eerste Raadsvergadering vir 2025 en word almal 'n voorspoedige jaar toegewens. Die Intern in die Kantoor van die Munisipale Bestuurder, Mnr. Melcolm van der Merwe, open die vergadering met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek wat die verrigtinge bywoon asook wat op die "YouTube" platform ingeskakel is.

***

**RVN002/01/2025**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsheer Wessels – afwesig met verskoning
Raadsheer Manuel – afwesig met verskoning

***

**RVN003/01/2025**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/01/2025**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS: DINSDAG 26 NOVEMBER 2024 EN WOENSDAG 04 DESEMBER 2024**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede rakende die notule van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 26 November 2024 met spesifieke verwysing na item RVN014/11/2024, aanbeveling 2.1.

**BESLUIT**

1. Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 26 November 2024 bekragtig word, met die uitsondering van item RVN014/11/2024 (aanbeveling 2.1) wat terugverwys word na die Sekretariaat ten einde die akkuraatheid van aanbeveling 2.1 te bevestig; en

2. Dat die notule van die vergadering soos gehou op Woensdag 04 Desember 2024 bekragtig word.

***(RC GERBER)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN005/01/2025**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERINGS**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item in, waarna die Munisipale Bestuurder kortliks terugvoering gee.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die vorige vergaderings soos gehou op Dinsdag 26 November 2024 en Woensdag 04 Desember 2024.

*******

**RVN006/01/2025**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

*******

**RVN007/01/2025**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

- Hy doen ’n beroep aan die Raad om saam met mekaar, asook om saam met die Administrasie te werk;
- Hy versoek dat die etiese kode eerbiedig en onderhou word deur die Raad en die Administrasie; en
- Hy bedank die personeel wat oor die Feesseisoen gewerk het en die publiek vir goeie samewerking.

Lief

- Dat die Uitverende Burgemeester op Woensdag 05 Februarie 2025 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag;
- Dat Raadsheer de Vries op Dinsdag 25 Februarie 2025 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag; en
- Dat Mnr. L Janse van Rensburg, werksaam in die Tegniese Dienste direktoraat, ’n baba dogter op Sondag 05 Januarie 2025 ryker geword het en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met die geboorte van sy baba dogtertjie.

Leed

- Dat Mnr. L Kleintjes, werksaam in die Tegniese Dienste direktoraat, se babatjie oorlede is en word hy en sy familie sterkte toegewens in hierdie tyd;
- Dat Mev. R Dietrich, werksaam in die Finansiële Dienste direktoraat, se skoonma oorlede is en word sy en haar familie sterkte toegewens in hierdie tyd;

- Dat Mnr. J Otto, werksaam in die Gemeenskapsdienste direktoraat, se pa oorlede is en word hy en sy familie sterkte toegewens in hierdie tyd;
- Dat Mev. B Dietrich, werksaam in die Tegniese Dienste direktoraat, se skoonma oorlede is en word sy en haar familie sterkte toegewens in hierdie tyd; en
- Dat Mev. T Wessels, werksaam in die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester, se ma oorlede is en word sy en haar familie sterkte toegewens in hierdie tyd.

‘n Oomblik van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

<u>Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededeling:</u>

Hy spreek sy opregte dank uit vir die fondse wat bewillig is vir die funksie in Velddrif asook vir die Nuwejaars funksie.

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:</u>

- Sy betuig medelye namens die Administrasie aan die individue wat deur die Speaker genoem is;
- Sy bedank die personeel wat waargeneem het oor die Feesseisoen en rig ’n spesiale woord van dank aan die Direkteur Gemeenskapsdienste wat as Munisipale Bestuurder waargeneem het;
- Sy wens die Raadslede en hul families voorspoed en goeie gesondheid toe vir die nuwe jaar; en
- Sy gee kortliks terugvoer oor die “Strategic Roadshow” van die Direksie wat gehou word vanaf Maandag 20 Januarie 2025 tot Dinsdag 28 Januarie 2025.

*******

**RVN008/01/2025**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

*******

**RVN009/01/2025**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Die Speaker lei die item in. Hy gee geleentheid aan die Raadslede wat die onderskeie politieke partye verteenwoordig om ’n woord van bemoediging en wense vir 2025 te deel.

Raadslid Adams deel ‘n woord van bemoediging en wense vir 2025 namens die ANC.

Raadslid Isaacs deel ‘n woord van bemoediging en wense vir 2025 namens die PA; en

Raadsheer Daniels deel ‘n woord van bemoediging en wense vir 2025 namens die DA.

*******

**RVN010/01/2025**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**RVN011/01/2025**
**2023/24 DRAFT ANNUAL REPORT SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 127 OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**15/1/5/5**

***(Report is tabled as previously electronically distributed)***

The Speaker introduced the item.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That the Council adopt the 2023/24 Draft Annual Report as tabled by the Mayor in terms of Section 127(2) of the MFMA;
2. That the 2023/24 Draft Annual Report be made public and submitted to the relevant organs of state in terms of Section 127 of the MFMA; and
3. That the 2023/24 Draft Annual Report be referred to MPAC to perform the oversight process and compile the Oversight Report.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN012/01/2025**
**2024/25 MID-YEAR BUDGET AND PERFORMANCE ASSESSMENT COMPILED IN TERMS OF SECTION 72 OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**15/1/5**

***(Report is tabled as previously electronically distributed)***

The Speaker introduced the item.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council note the 2024/25 Mid-year Budget and Performance Assessment Report submitted in terms of Sections 72(1) and 54(1)(f) of the Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003);
2. That following the consideration of the Mid-year Budget and Performance Assessment Report, a municipal adjustment budget be prepared in terms of Section 72(3)(a) read together with Section 28 of the MFMA by 28 February 2025 as required by Regulation 23 of the Municipal Budget and Reporting Regulations 2009; and
3. That the 2024/25-Midyear Budget and Performance Assessment Report be made public by placing it on the municipal website in terms of Regulation 34 of the Municipal Budget and Reporting Regulations GG 32141 of April 2009.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN013/01/2025**
**MUNICIPAL STAFF REGULATIONS: PERFORMANCE MANAGEMENT AND DEVELOPMENT SYSTEM: APPOINTMENT OF A MUNICIPAL MODERATION COMMITTEE**
**4/7/6**

***(Report is tabled as previously electronically distributed)***

The Speaker introduced the item.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That the report be noted;
2. That the following members be appointed as the Bergrivier Municipal Performance Moderation Committee:
   - Municipal Manager;
   - All Directors;
   - Manager Human Resources;
   - Person responsible for organisational performance / PMDS;
   - Risk officer; and
   - Administrator (Strategic Services);
3. That the Terms of Reference for the BMPMC is outlined as above and as encompassed in the Staff Regulations;
4. That the first meeting of the BMMPMC takes place within 6 months after completion of the annual performance evaluation of all staff; and
5. That the Municipal Manager be mandated to establish a moderation committee per Directorate as per the approved Performance Management System Policy.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN014/01/2025**
**ROADS AND STORMWATER MASTERPLAN**
**5/7/11**

Die Speaker lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word van die agenda en terugverwys word na die Tegniese Dienste Komitee en Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN015/01/2025**
**TITLE DEED RESTORATION PROGRAM REPORT**
**17/5/2**

Die Speaker lei die item in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die verslag.

***

**RVN016/01/2025**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN17/01/2025**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN018/01/2025**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN019/01/2025**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN020/01/2025**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING AAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:35***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***